

Die teken van die verbond

Elke man in die huishouding van Abraham moes besny word. Hierdie besnydenis word ook voorgeskryf vir seuntjies van agt dae oud. Wat in die praktyk gebeur het, is dat 'n seuntjie op die agtste dag besny is. As hy byvoorbeeld op Sondag gebore is, dan is hy die volgende Sondag besny. Die besnydenis dien as teken van die verbond van God met Abraham en sy nageslag. Hier is belangrike sake ter sprake.

Al die mans en seuntjies word besny. God het aan Abraham en sy nageslag Homself belowe. In die tyd van Abraham was dit so dat die seuns belangrik was in die sin dat my seun vir my 'n nageslag voortbring. My dogter is instrumenteel om vir haar man eendag 'n nageslag voort te bring. Daarom word die dogters se name soms nie eens genoem in geslagsregisters nie. In die preek van Petrus op Pinksterdag (Hand 2:39) word die verbond verbreed want dan is dit nie net meer 'n belofte aan die nageslag nie, maar dan word die belofte aan die kinders van die gelowiges gemaak. Daarom ontvang seuntjies en dogtertjies die doop as teken van die genadeverbond.

Wat in hierdie gedeelte ook van die grootste belang is, is dat God hier aan die ouer (Abraham) 'n belofte maak. Abraham is die verbondshoof van die Ou Verbond. Daarna word aan elkeen van die nageslag van Abraham op die agtste dag die verbond herbevestig. Die besnydenis aan die nageslag van Abraham was nie elke keer verbondsluiting nie, maar dit was elke keer verbondsbevestiging. Ons moet die wonder daarvan raaksien dat God op die agtste dag eintlik 'n klein kindjie aangespreek het. In die taal van Jesaja 43 het God eintlik met die besnydenis so 'n seuntjie aangespreek en gesê: Jy is Myne, Ek het jou by jou naam geroep. Met die besnydenis is die belofte weer herhaal. Trouens, in die praktyk het die Jode inderdaad met die besnydenis die verbondsformule herhaal - die formule wat Petrus op Pinksterdag ook herhaal het. Dit moet altyd vir ons vasstaan: God kan aan klein kindertjies 'n belofte herhaal wat Hy gemaak het. Niemand kan God verbied om dit te doen nie. Hy is immers die Almagtige. Vir ons as Nuwe Testamentiese gelowiges is dit belangrik om te onthou dat God ook onveranderlik is. Hy het nog nooit verander nie en sal ook nie verander nie. Hy het in die verlede sy beloftes aan kinders herbevestig en Hy doen dit nog altyd. Nêrens in die Skrif word ons meegedeel dat Hy nou opgehou het daarmee en dat Hy dit nie meer doen nie.